*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 26 Julie 2026**

## Swaarkry → volharding → Koninkryk/Heerlikheid

*"Ek, Johannes, julle broer en 'n deelgenoot in die verdrukking, en in die koninkryk, en in die volharding in ons verhouding met Jesus, was op die eiland wat Patmos genoem word, op grond van die woord van God, naamlik die getuienis deur Jesus Christus... In sy regterhand het hy sewe sterre gehou,... Dit is die misterie van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en van die sewe goue kandelare:...*
(Openbaring 1:9,16 & 20)
*"Julle is die lig vir die wêreld."* (Matteus 5:14a)
*...Julle skyn onder hulle soos sterre in die heelal...*(Filippense 2:15)

Om langs iemand te gaan sit, saam met hom te huil oor die beproewing wat hy verduur, is alleen moontlik wanneer jy self daardie swaarkry ken. Johannes gaan sit in die Openbaring brief by die gemeentes van die lewende Here Jesus, en hy huil saam, want hy ken hulle pyn, trouens daarvoor is hy in die laaste jare van Nero se bewind na die eiland Patmos verban en hier ingeperk, deur die dieptes van die see aan alle kante, worstel hy saam oor die geweldige swaarkry wat die gelowges, die kerk van die Here Jesus, hier beleef. En dit is in hierdie gesamentlike swaarkry waar die opgestane Jesus hulle ontmoet en bemoedig om te volhard, sodat hulle saam met Hom die koninkryk, die ewige HEER-likheid kan beleef.

Hierdie visioen waarmee die Openbaringbrief begin, help ons om die hele brief in perspektief te plaas. Die brief is nie 'n voorspelling ten opsigte van die toekoms nie, dit is nie 'n brief met versteekte of geheime simbole wat net party mense kan verstaan nie. Dit is in die eerste plek 'n brief van bemoediging aan die kerk van Christus wat in 'n onregverdige wêreld leef. 'n Kerk wat op die punt staan om hoop te verloor. 'n Kerk wat twyfel of dit nog die moeite werd is om te volhard. Christus bemoedig sy kerk om die sterre te wees in die regterhand van die opgestane Here. En dit is die heerlike boodskap van Openbaring, Christus se kerk is nie alleen in die wêreld nie, en omdat daar 'n Koninkryk is, omdat daar 'n heerlike oorwinning is, is dit die moeite werd om die swaarkry in die wêreld te antwoord met volharding. Daarom skyn God se kinders, Christus se kerk, onder hulle soos helder sterre in die heelal (Fil. 2:15). Daarom ís hulle die lig vir die wêreld (Matt.5:14), want hulle Here lewe tot in alle ewigheid en Hy alleen dra die sleutels.

**– ds. Johan Marais**

Hartlik welkom by ons gesamentlike erediens vanoggend, gelei deur ds. Johan Marais en ons orrelis, Tannie Magdaleen Venter. Welkom aan alle kinders, studente en jongmense terug – die begin van die 3e kwartaal; begin van 'n nuwe seisoen in ons Kerkjaar ook: Koninkrykstyd! Ons kanselkleed wys die groen van nuwe lewe in die Skepping; die Triskele-embleem herinner ons aan die ewige heerskappy en sorg van die Drie-Enige God.

**'n Seisoen om tot sy eer te lewe!**

Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke op die tafel – neem gerus een en deel in ons liturgie en lering. Welkom ook aan diegene wat via ons webblad, op *Facebook* of Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.

## LITURGIE

| | |
|---|---|
| **Votum:** | Openb. 1:7-8 "Kyk, Hy kom met die wolke…"<br>Ruil van Kanselkleed: Koninkrykstyd<br>Lied 168:1, 2, & 3 "Heilige Jesus" |
| **Seëngroet:** | Openb. 1:4-5 "Genade vir julle en vrede van Hom wat is" |
| **Loflied:** | Lied 202:1, 2 & 3 Prys Hom, die Hemelvors" |
| **Kinderverhaal & Lied:** | Lied 599:1, 2 & 3 "As Hy weer kom…" |
| **Herinnering aan ons skuld:** | Klaagliedere 2:17-19 |
| **Verootmoediging:** | Stilgebed |
| **Vryspraak:** | Openb. 1:5-6 |
| **Danklied:** | Lied 510:1, 2 & 4 Genade, onbeskryflik groot |
| **Gebed** | |
| **Skriflesing:** | Openbaring 1:9-20 |
| **Woordverkondiging** | |
| **Gebed** | |
| **Liefdegawes & Verwelkoming van nuwe lidmate** | |
| **Slotlied:** | Lied 590:1 & 2 "Het jy gehoor dat eenmaal" |
| **Seënbede, Amen & Orrelnaspel** | |

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 26 Julie | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). |
| | 18:00 – Dr. Martin Laubscher: Diens van Woord, gebed en stilte (Taizé) |
| Sondag, 2 Aug. | 09:30 – Ds. Jan Lubbe; gesinsdiens in saal – ds. Janke Hurter. |
| | 09:30 – Ds. Johan Marais (Siësta Nagmaal). |
| | 18:00 – Wyksbyeenkomste |

*SEWE BOODSKAPPE (EN NOG) VIR DIE SEWENGTIGSTE JAAR*

*Berg-en-Dal vier in September vanjaar, ons sewende dekade, dankbaar voltooi rondom die son en vol blydskap voor God se aangesig – 22 September, 1956-2026. Soos in die Pinkstertyd van 2006, toe ons 50 geword het, blaai ons terug na Sewe Briewe aan die vroeë gemeentes in Klein-Asië; destyds ook omtrent sewentig jaar ná Jesus se kruisiging, opstanding en hemelvaart – 'n baie moeilike en onsekere tyd vir daardie Christene in die grote Romeinse Ryk. Op die eiland Patmos ontvang die gryse Johannes 'n visioen – van... TROOS! HOOP! MOED! BLYDSKAP!*

*Ons nooi jul graag na die volgende Sondae se eredienste @ Berg-en-Dal.*

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 26 Julie | Karin Burger, Wian Engelbrecht, Faan Hancke en Marina Hegter. |
| 27 Julie | Silvia de Waal, Maryn Greyling en Wian Matthee. |
| 28 Julie | Franco Bekker en Cas Harris. |
| 29 Julie | Charlotte Botha en Johan Vorster. |
| 30 Julie | Pieter van Rooyen. |
| 31 Julie | Marietta de Kock, Francois du Plessis, Miane Engelbrecht, Una Fourie, Philip Hutton, Johan Jacobsz, Lorainne Jonker en Hayley Thompson. |
| 01 Aug. | Esmari Bothma, Josh Faber en De Klerk Kruger. |

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lienkie Marais (LadySmithstr. 16, wyk 5); Oom Mornay Pretorius (Waverleyweg 120, wyk 20a); Erna Strydom (Woodlands Hights 2, wyk 12b); Benita Hancke (Kiepersolpark 7, Wyk 16); Nadiha Visser (Genl. Van Schoorstr. 31, wyk 3a) en Elsabe J van Rensburg (Santé 202, wyk 18b). Ons dink aan elkeen wat 'n siek of verswakte familielid moet ondersteun, en bid hul die nabyheid van die Here toe.

Ons gebede om troos is steeds vir almal wat in die afgelope wintervakanse 'n geliefde verloor het: Tannie Marietta de Kock, Tannie Frances Wessels, Martie Laas, Oom Pieter en Tannie Corrie le Roux, Jan en Sandra Swanepoel, Adele van Jaarsveld en haar kinders, Marius en René Maritz by die heengaan van haar ouma. Mag die Here julle almal bly dra en moed gee in 'n nuwe tyd in. Dan het ons óók hierdie week verneem van die tragiese heengaan van Esmé van der Ryst (Siësta) se seun, en ons wil vir haar die nabyheid van die Here toebid.

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak ds Johan Marais (084 517 8052) wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

## BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) – in die Konsistorie o.l.v. ds. Jan Lubbe: *"Brief van Jakobus."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362.

Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19-30 o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Die ewige Koninkryk. Vind troos en hoop in Daniël"*. Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 078 894 9166.

Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in die Konsistorie o.l.v. ds Johan Marais: *'n Padkaart vir die lewe*. Indien jy wil inskakel, whatsapp na 084 517 8052.

Ons nooi almal ook uit na die **Wyksbyeenkomste**, volgende **Sondag, 2 Augustus** (middag en aand, soos gereël deur ouderlinge; ook 'n byeenkoms in die Jeugkamer om 18:00):

*"Hoe die Gees van God 'n mens (en 'n gemeente) se oë oopmaak vir iets nuuts!"*

(In aansluiting by ons lees-en-preek-reeks uit Openbaring)

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
In **Julie** was **Wyke 18** en vrywilligers aan diens vir Sondae se tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter – baie dankie! **Augustus** is die beurt van **Wyke 18** (Verre Noorde), **19** (Bayswater en ooswaarts) en **20** (Waverley) – indien jy ook wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193). Baie dankie!

Die bevestiging van ons nuwe kerkraadslid, Naas van Wyk vind vanoggend plaas.

## BEDIENINGE

Al ons bedieningswerksaamhede hervat hierdie week, en ons nooi lidmate uit na die volgende vergaderings:

| | |
|---|---|
| **Gemeentebediening:** | Maandag, 27 Julie om 17:30 |
| **Jeugbediening:** | Dinsdag, 28 Julie om 17:30 |
| **Eredienbediening:** | Dinsdag, 28 Julie om 19:00 |
| **Getuienis- en Barmhartigheid:** | Donderdag, 30 Julie om 17:30 |

**GEMEENTEBEDIENING**
**Kermis 2026:** Dagboek solank Vrydag, 18 September 2026 vir ons (70ste) Feeskermis!

**JEUGBEDIENING**
Ons **Kategese** vir die nuwe kwartaal begin vanoggend: Die Juniors gaan net ná die Kinderverhaal in die erediens uit na hul klasgroepe; die Seniors volg ná die erediens. Ons sien uit na ‘n kwartaal se saamloop en -leer, en op Sondagaand, 16 Augustus 2026 is ons **Bybelvasvrae** vir Grade 6-11 uit Openbaring 2 & 3........ Vir pret kom daar ‘n Ouderlinge versus Diakens-rondte ook in!
**Baie dankie aan almal wat gehelp het met die Belydeniskamp op Menuha!**

**GETUIENIS- EN BARMHARTIGHEIDSBEDIENING**
**Gasvryheid aan George-Bergsig Uitreikgroep:** Baie dankie aan almal wat op een of ander wyse gehelp het met die ontvangs en etes vir die Uitreikgroep van Bergsig-gemeente...

**Gemeentemark:** Ons eerste gemeentemark vir die nuwe kwartaal is komende Vrydag, 31 Julie – helpers, voorraad en kopers is welkom; versprei die boodskap: Hier is kwaliteit klere!

### EREDIENSKOLLEKTE: ‘n LIEFDESGAWE

SnapScan

Die eredienskollekte op ‘n Sondagoggend en -aand, is ‘n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee ‘n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir daardie betrokke Sondag – vanoggend, 26 Julie: **NGKA Botshabelo.**
U kan ‘n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005).**
Ons **Spesiale Dankoffer** het R 475 000 opgelewer. Baie dankie aan almal!

Dankie aan Erediensbediening en die **Koragiete**, vir die heerlike koffie en koek, tee en tert nou ná die erediens in die binnehof: Donasies is welkom – dit gaan vir ons **Orrelfonds**!